


JAARBOEK 2002

Fakulteit Regte



DEKAAN
Prof F Venter

**Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys**

Rig alle korrespondensie aan
Die Registrateur
PU vir CHO
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Telegrafiese adres: PUK, Potchefstroom
Faks: (018) 299-2799
Telefoon: (018) 299-1111/2222
Internet: <http://www.puk.ac.za/fakulteite/>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie.

A-Reëls verskyn in 'n aparte eksemplaar

Opmerking

Voordat hulle finaal oor die keuse van vakke besluit, moet leerders hulle deeglik vergewis van die klasrooster. Indien daar 'n botsing by 'n leerder se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke vakkombinasie ontoelaatbaar. Dergelike gevalle moet asseblief met die betrokke persone by die Fakulteitsadministrasie bespreek word.

Inhoudsopgawe

Reëls: Fakulteit Regte.....	1
R.1 Inleiding.....	1
R.2 Reëls vir die graad baccalaureus legum (LL B).....	4
R.3 Reëls vir die graad baccalaures artium met regsvalke	19
R.4 Reëls vir die graad magister legum (LL M)	32
R.5 Reëls vir die graad doctor legum (LL D).....	38
R.6 Reëls vir die diploma in Para-regspraktyk.....	40
R.7 Reëls vir die nagraadse diploma in boedelreg	41
R.8 Reëls vir die nagraadse diploma in in- en uitvoerreg.....	43
Silabusse	88

Contents

Rules: Faculty of law.....	45
R.1 Introduction.....	45
R.2 Rules for the baccalaureus legum (LL B) degree	48
R.3 Rules for the degree BA with Law Subjects	62
R.4 Rules For the Degree Magister Legum (LL M)	73
R.5 Rules for the Degree Doctor Legum (LL D)	79
R.6 Rules for the diploma in Paralegal Practice.....	81
R.7 Rules for the Post-graduate Diploma in Estate Law	84
R.8 Rules for the Post-graduate Diploma in Import and Export law	86
Syllabi	88

AMPSDRAERS

DEKAAN

Prof F Venter

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

Me EJ Britz

DIREKTEURE

NAVORSINGSFOKUSAREA (ONTWIKKELING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REGSTAAT)

Prof W du Plessis

ONDERRIG

Prof J Swanepoel

PROFESSIONELE DIENSTE

Prof JA Robinson

SENTRUM VIR GEMEENSKAPSREG EN ONTWIKKELING

Mnr SWJ Meyer

FAKULTEITSRAAD

Verteenwoordiger van SRVP (Student)

Beatson M

Myburgh PH

Coetzee TF

Pienaar GJ

Crous AJ

Rautenbach C

De la Harpe SPLR

Robinson JA

Du Plessis W

Scheepers TE

Ferreira GM

Schutte PJW

Groenewald JJ

Stander AL

Jansen van Rensburg L

Swanepoel J

Killian P

Van der Walt I

Klynsmith I

Van der Merwe APS

Monchusi PJ

Venter F

Meyer SWJ

REËLS: FAKULTEIT REGTE

R.1 INLEIDING

Hierdie reëls moet saam met en onderhewig aan die A-reëls van die Universiteit gelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op <http://www.puk.ac.za> onder "Algemeen"/"Algemene Jaarboek"/"Reëls", en gedrukte eksemplare daarvan kan in die Ferdinand Postma Biblioteek en by die Direkteur: Akademiese Administrasie geraadpleeg word.

R.1.1 STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FAKULTEIT

Die **Fakulteit Regte** funksioneer in drie komponente: die voorgraadse onderrigprogram, nagraadse opleiding en navorsing en professionele dienslewering.

Die **voorgraadse onderrigprogram** word bestuur deur die Direkteur: Onderrig.

Nagraadse opleiding en navorsing word deur die Fokusareadirekteur bestuur.

Professionele dienslewering word deur die Direkteur: Professionele Dienste en die direkteur van die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling bestuur.

Op voorgraadse vlak is die primêre fokus op die LL B-program. Nagraadse opleiding en navorsing word in die fokusarea *Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat* bedryf. Die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling lewer regshulpdienste, gemeenskapsdienste en –opleiding asook konsultasie- en adviesdienste. Die kursusse in regspraktyk, die Regsdiploma (Pararegspraktyk) word by die Sentrum aangebied. Die Regsdiploma (Pararegspraktyk) word slegs in Engels aangebied.

R.1.2 GRADE EN DIPLOMAS

Die volgende grade kan in die Fakulteit Regte toegeken word:

KWALIFIKASIE	AFKORTING	RIGTING	PROGRAM	GRAADKODE
Baccalaureus Legum	LL B	Regte	Voltyds Telematies	607 104 607 105
Baccalaureus Artium	B A	Regte	Voltyds Telematies	100 145 100 147
Magister Legum	LL M	Regte	Voltyds Deeltyds	604 102 604 103
Doctor Legum	LL D	Regte	Voltyds Deeltyds	605 102 605 103

Die volgende diplomas kan in die Fakulteit Regte toegeken word:

KWALIFIKASIE	AFKORTING	RIGTING	PROGRAM	DIPLOMAKODE
Nagraadse diploma	Dip	Boedelreg	Voltyds Deeltyds	606 102 606 103
Nagraadse diploma	Dip	In- en Uitvoerreg	Voltyds Deeltyds	608 102 608 103
Regsdiploma	Dip	Para- regspraktyk	Voltyds Deeltyds	610 100 610 101

R.1.3 MODULES EN KREDIETE

Die leerstof vir elke graad is in modules verdeel en elke module het 'n bepaalde kredietwaarde. Elke module word afsonderlik geëksamineer.

R.1.4 VERHOUDING TUSSEN KREDIETE EN VERONDERSTELDE LEERURE

Die aantal kredietpunte wat aan elke module ooreenkomstig reël A.1.26 toegewys word, is soos aangedui in reël R.2.3.

R.1.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER

- (i) Die PU vir CHO aanvaar die beginsels onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel. Die PU vir CHO onderskryf verder die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigleerprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklike gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.
- (ii) By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigleerprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uitreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uitreeuitkomst wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.
- (iii) Die PU vir CHO aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van en kredietverlening aan voornemende of bestaande leerders - hetsy van hierdie of 'n ander instelling - op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.
- (iv) Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

R1.6 REGISTRASIE

- (i) Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n leerder deurloop het om as leerder van die Universiteit ingeskryf te word.
- (ii) 'n Toegelate leerder registreer jaarliks vir die duur van die studie vir 'n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring is, waardeur aangedui word dat die direkteur onderrig die leerder se keuse van modules vir die jaar goedkeur.
- (iii) Die registrasievorm word deur die leerder by die registrasieafdeling ingedien waarop 'n bewys van registrasie uitgereik word

R1.7 PROFESSIONELE ETIEK

Regstudie bied toegang tot die regsprofessie. Toegang tot die regsprofessie is daarvan afhanklik dat 'n applikant gereken word as geskik om tot die professie toe te tree. Weens die hoë etiese standaarde wat in die regsprofessie gestel word, is dit onwaarskynlik dat 'n persoon wat regtens gestraf word of teen wie dissiplinêr opgetree word weens optrede wat dui op oneerlikheid, tot die regsprofessie toegelaat sal word, niteenstaande goeie akademiese prestasie.

R1.8 TAALMEDIA

Die voltydse voorgraadse programme word in Afrikaans aangebied en die telematiese programme in Engels. Eksamens en ander evalueringe, sowel as korrespondensie, kan in alle programme na keuse in Afrikaans of Engels afgelê of gevoer word.

R1.9 OORGANGSREËLS

Die Direkteur: Onderrig reik waar nodig oorgangsreëls uit ten einde die oorgang van bestaande programme na nuwe programme moontlik te maak.

R.2 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B)

R.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studie vir die graad Baccalaureus Legum (LL B) duur 'n minimum van vier en 'n maksimum van vyf jaar.

Die LL B kan ook as tweede baccalaureusgraad verwerf word. 'n Leerder kan byvoorbeeld vir die graad Baccalaureus Artium (BA) met Regsvakke in hierdie Fakulteit of vir 'n Baccalaureus Commercii met Regsvakke wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word, inskryf. Regsvakke wat in die loop van hierdie grade geslaag word, hoef nie tydens die LL B-studie herhaal te word nie, met die gevolg dat die LL B-graad na slegs, maar ten minste, twee verdere jare studie verwerf kan word. Die LL B-studie wat volg op bogemelde baccalaureusgrade duur 'n maksimum van drie jaar.

R.2.2 TOELATINGSVEREISTES

- (i) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.
- (ii) 'n Voornemende leerder met matrikulasievystelling met 'n P-telling van 18 of meer (kyk R.2.2.1 hieronder) kwalifiseer vir toelating tot die LL B-studie.
- (iii) Leerders met matrikulasievystelling maar met 'n P-telling van minder as 18 kry 'n eenmalige geleentheid om toelating tot die LL B-studie te verkry. Die toelating word verkry nadat die leerder die volgende vier modules (waarvoor hy of sy vir nie-graaddoeleindes registreer) in die telematiese program geslaag het:

LLBR 111 Introduction to Law

LLBR 113 Historical Foundations of South African Law

LLBR 114 The Law of Persons and Matrimonial Law

SKTR 111 Kommunikasievaardighede / Communication Skills

Die leerder moet al vier hierdie modules slaag by een van die twee eksamengeleenthede vir die betrokke module. Indien die leerder al vier hierdie modules binne twee eksamengeleenthede slaag, verkry hy toelating tot die LL B en kan hy aansoek doen om die erkenning van bovermelde modules vir graaddoeleindes.

R.2.2.1 Bepaling van die P-telling

Met inagneming van die Algemene Reëls en Fakulteitsreëls soos vervat in die betrokke jaarboeke en met spesifieke verwysing na reël A.4.2.1 (wat bepaal dat skoolleindsertifikate geëndosseer moet wees dat daar voldoen is aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot B-graadstudie aan 'n universiteit in die RSA - met ander woorde **volle matrikulasievystelling** verwerf is), behou die Universiteit hom die reg voor om die volgende keuringsmodel toe te pas, aan die hand van welke resultate oorweging aan kandidate se aansoeke verleen sal word.

★

Keuringsmodel

Vaksimbool	Hoër Graad	Standaardgraad
A	5	4
B	4	3
C	3	2
D	2	1
E	1	0

'n Maksimum van 6 vakke word gebruik om die P-telling te bepaal.

L.W. Die telling van die taalvakke wat op die Hoër Graad geslaag is, vir die doeleindes van die P-telling van voornemende regstudente dra dubbele gewig.

R.2.3 LYS VAN MODULES: LLB (VOLTYDS) (PROGRAMKODE R401P)

Modulekode	Beskrywende naam	Rooster-groep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
	Verpligte modules			
SKTR111	Kommunikasievaardighede/ Communication Skills		8	
RINL111	Rekenaar- en inligtingsvaardighede**		8	
LEER111	Leer- en Leesvaardigheid		8	
ENTR221	Kreatiewe entrepreneurskap		8	
LLBR111	Inleiding tot die Reg		8	Verwys R.2.5.3
LLBR113	Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg		8	
LLBR114	Persone- en Huweliksreg		8	
LLBR121	Strafreg: Algemene Beginsels		8	
LLBR123	Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg		8	
LLBR124	Erfreg		8	
LLBR125	Regspersonereg en Inleidende Ondernemingsreg		8	
LLBR211	Algemene Regsleer		16	
LLBR213	Sakereg		8	
LLBR214	Regshermeneutiek		8	
LLBR215	Bewysreg		8	
LLBR216	Strafprosesreg		8	
LLBR217	Strafreg: Besondere Misdade		8	
LLBR221	Deliktereg		16	
LLBR222	Regspraktyk		8	
LLBR223	Strafproses- en Bewysreg		8	
LLBR224	Arbeidsreg		8	

Modulekode	Beskrywende naam	Rooster-groep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
LLBR225	Regspluralisme		8	Verwys R.2.5.3
LLBR311	Landdroshofprosesreg		8	
LLBR312	Regspraktyk		8	
LLBR313	Kontraktereg		16	
LLBR314	Regspluralisme		8	
LLBR315	Huweliksgoedere- en Egskeidingsreg		8	
LLBR316	Ondernemingsreg		8	
LLBR317	Staats- en Plaaslike Owerheidsreg		8	
LLBR321	Administratiefreg		8	
LLBR322	Regskommunikasie en Navorsingsmetodologie*		8	
LLBR323	Hooggeregshofprosesreg		8	
LLBR324	Besondere Kontrakte		16	
LLBR325	Fundamentele Regte		16	
LLBR326	Insolvensiereg		8	
LLBR327	Alternatiewe Geskilbeslegting		8	
LLBR413	Padongelukkevergoeding- en Versekeringsreg		8	
LLBR414	Volkereg		16	
LLBR415	Skadevergoedingsreg		16	
LLBR416	Verhandelbare Dokumentereg		8	
LLBR418	Grond- en Aktesreg		16	
LLBR421	Boedelbereddering		16	
LLBR422	Konstitusionele Litigasie en Praktyksbestuur		8	
LLBR425	Regsfilosofie		16	
LLBR426	Verryking en Estoppel		16	
LLBR451	Navorsingsverslag		16	

Modulekode	Beskrywende naam	Rooster-groep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
	Keusemodules			
AFNL211	Afrikaans Nederlands		16	AFNL111 ,121
ENGL211	Engels		16	ENGL121
MHBP111	Inleiding tot Mensehulpbron-bestuur		8	
BSKP151	Beroepsgesondheid		8	
BSKP161	Diversiteit in Werkskonteks		8	
POLI111	Die staat, politiek en regering		8	
POLI121	Die Suid-Afrikaanse politieke staat		8	
AKLR111	Ou Nabye Ooste en Griekeland		8	
AKLR121	Antieke Rome en ander kulture		16	
ONBP111	Inleiding tot ondernemingsbestuur		8	
ONBP121	Entrepreneurskap		16	
RERP211	Regsrekeningkunde		8	
RERP221	Regsrekeningkunde		8	
LLBR411	Omgewingsreg		16	
LLBR417	Immateriële Goederereg		16	
LLBR423	Belastingreg		16	
LLBR424	Ontwikkeling- en Sosialereg		16	

OPMERKINGS:

Leeders wat enige van die volgende modules in hul BA met Regsvakke- of B Comm met Regsvakke-studie geslaag het, hoef dit nie in hul LL B-studie te herhaal nie.

Wanneer 'n leerder in 'n taalmodule in die eerste semester registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule in dieselfde jaar geneem word.

Leeders wat Antieke kultuur neem as 'n taalmodule, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie.

Modulekode	Beskrywende naam	Roostergroep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
	Taalmodules			
AFNL111	Afrikaans: Taal sonder grense		8	Verwys R.2.3.1
AFNL121	Afrikaans taal- en literatuurstudie		16	
GRMN111	Duits		8	
GRMN121	Duits		16	
FRAN111	Frans Elementêr		8	
FRAN121	Frans Elementêr		16	
AKLR111	Ou Nabye Ooste en Griekeland		8	
AKLR121	Antieke Rome en ander kulture		16	
LATN111	Latyn vir almal		8	
LATN121	Regs- en kerklatin		16	
ATSW114	Basiese strukture van Tswana (Derde Taal)		8	
ATSW124	Grammatikale strukture van Tswana (Derde Taal)		16	
AZOE114	Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derde Taal)		8	
AZOE124	Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derde Taal)		16	
ENGL111	English in action		8	
ENGL121	Introduction to English literary studies		16	

R.2.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT VAKKE EN MODULES

R.2.3.1.1 Afrikaans en Nederlands

- (i) Vir Toelating tot *Afrikaans: Taal sonder grense* (AFNL111) en *Afrikaanse Taal- en Literatuurstudie* (AFNL121) word minstens 'n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (Hoër Graad) of 'n C-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (Hoër Graad) op matriekvlak vereis.

- (ii) Vir toelating tot *Die studie van Afrikaans: moedertaal* (AFNT112) en *Afrikaanse taal- en literatuurstudie* (AFNT121) word minstens 'n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (Hoër Graad) of 'n D-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (Hoër Graad) op matriekvlak vereis.
- (iii) AFNT111, AFNT121, AFNT211, AFNT221, AFNT311 en AFNT321 word slegs via die Universiteit se telematiese program aangebied. Leerders wat 'n na-uurse akademiese kursus in Afrikaans wil volg, moet hierdie kursuseenhede volg in die roostergroepe van die na-uurse lesingrooster.
- (iv) Die *studie van Afrikaans: niemoedertaal* (AFNT111) het as teikengroep niemoedertaalsprekers van Afrikaans, maar *Die studie van Afrikaans: moedertaal* (AFNT112) kan gevolg word deur moedertaalleerders wat na-uurse akademiese kursuseenhede in Afrikaans in hulle kurrikulum wil insluit.
- (v) Afrikaans (AFNT211, AFNT221) word vanaf 2002 ingefaseer in die telematiese program en AFNT311, AFNT321 vanaf 2003.
- (vi) Leerders wat die telematiese kursuseenhede in Afrikaans (AFNT111, 121, AFNT211, AFNT221, AFNT311, AFNT321) suksesvol gevolg het en wil oorskakel na die voltydse kursuseenhede in Afrikaans en Nederlands (AFNL211,221, AFLN311, 321) moet daarvoor aansoek doen by die vakvoorsitter. *Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie leerders geverg word.*
- (vii) Leerders wat aan die toelatingsvereistes vir AFNL111,121 of AFNT111,121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die Vakvoorsitter Afrikaans en Nederlands.
- (viii) Toelating tot *Kommunikasie-Afrikaans* (AFNK112,122) geskied in ooreenstemming met reël A.4.5.
- (ix) Leerders wie se taalvermoë in Afrikaans sodanig is dat hulle nie *Kommunikasie-Afrikaans* (AFNK112) kan behartig nie, volg eers vir die eerste semester *Inleidende Afrikaans* (AFNK113) en skakel dan in die tweede semester oor na *Kommunikasie-Afrikaans* (AFNK122).
- (x) Leerders wat in *Kommunikasie-Afrikaans* (AFNK112,122) 'n gemiddelde finale punt van 75% behaal, kan toelating tot Afrikaans en Nederlands (AFNL111,121) of Afrikaans (AFNT113,123) kry.

R.2.3.1.2 Afrikatale

- (i) Leerders wat 'n Sothotalaal soos Tswana, Suid-Sotho of Noord-Sotho Eerstetaal in die matriekulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Tswana (ATSW114, ATSW124) inskryf nie.
- (ii) Leerders wat Zoeloe Eerstetaal in die matriekulasie-eksamen geslaag het of die taal as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursus van Zoeloe (AZOE114, AZOE124) inskryf nie.
- (iii) Leerders wat Xhosa of Swati Eerstetaal in die matriekulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, word toegelaat om Zoeloe derdetaal (AZOE114, AZOE124) te neem.
- (iv) As Tswana as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Zoeloe (AZOE114, AZOE124) in die kurrikulum in te sluit.
- (v) As Zoeloe as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Tswana (ATSW114, ATSW124) in die kurrikulum in te sluit.

R.2.3.1.3 Duits

- (i) 'n Leerder wat Duits as matriekvak geslaag het, kan óf in sy eerste studiejaar vir GRMN111,121 óf in sy tweede studiejaar, na suksesvolle aflegging van 'n toelatingstoets, vir GRMN211,221 registreer.
- (ii) 'n Leerder wat 'n taalsertifikaat in Duits aan 'n taalinstituut verwerf het, kan by suksesvolle aflegging van 'n toelatingstoets, vrystelling kry vir GRMN111, maar moet vir GRMN121 registreer en dit slaag voordat hy/sy vir Duits (GRMN211,221) kan registreer.
- (iii) Duits (as derdevlakkursus) kan deur UNISA afgelê word en sal deur die PU vir CHO erken word.

R.2.3.1.4 English

- (i) To register for English (ENGL111,121) a learner must have obtained at least a C symbol in English Second Language (HG) or a D symbol in English First Language (HG) in the matriculation examination.

R.2.3.1.5 Frans

- (i) Om vir FRAN111,121 te registreer moet 'n leerder oor 'n matrieklasie-vrystellingsertifikaat beskik.
- (ii) 'n Leerder wat in Frans gematrikuleer het, kan nie vir FRAN111,121 registreer nie.
- (iii) 'n Leerder wat in Frans gematrikuleer het en Frans as hoofvak wil neem, moet in die eerste studiejaar vir Antieke Kultuur (AKRL111,121) en in sy/haar tweede studiejaar vir FRAN211,221 registreer.
- (iv) Leerders met voorafkennis van Frans sal toegelaat word om direk te registreer vir FRAN211 ná die aflegging van 'n toets.

R.2.3.1.6 Latyn

- (i) 'n Leerder wat in Latyn gematrikuleer het, mag nie vir Latyn (LATN111,121) registreer nie, maar mag inskryf vir LATN211,221.
- (ii) Leerders met Matrieklatyn wat Latyn as hoofvak wil neem, moet in die plek van LATN111,121 registreer vir Antieke Kultuur (AKLR111,121).

R.2.4 PROGRAMUITKOMSTE VAN DIE LLB

R.2.4.1 Algemeen

Benewens die akademiese en prinsipiële vorming van leerders word die volgende oogmerke met die program nagestreef:

- (i) om die leerder toe te rus met kennis en spesifieke vaardighede, gekoppel met die vermoë om die verwerwe kennis en vaardighede toe te pas in 'n verskeidenheid vertakkinge van die regsberoep met die oog op verdere persoonlike intellektuele ontwikkeling, ekonomiese bedrywighede en gemeenskapsdiens;
- (ii) om 'n bydrae te lewer tot die toetrede van genoegsame hoeveelhede gekwalifiseerde regslui tot die private en die openbare sektor in Suid-Afrika ten einde te verseker dat daar volhoubaar aan al die uiteenlopende behoeftes ten opsigte van regsdienste, leierskap en innoverende, kennisgebaseerde aktiwiteite van 'n transformerende samelewing binne die Suid-Afrikaanse regstaat voldoen word.

- (iii) om gekwalifiseerdes toe te rus om verdere studie en navorsing op nagraadse vlak te onderneem vir doeleindes van die verwerwing van 'n nagraadse kwalifikasie.

R.2.4.2 Primêre Programdoelstelling

Die LL B-program lewer regsgeleerdes wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers en wat toegerus is om selfstandig in konkrete situasies met die reg te werk.

R.2.4.3 Kundigheds- en Vaardighedsdoelwitte en Waardes

'n Leerder wat die LL B-graad behaal, moet —

- (i) as regsgeleerde wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers, toegerus wees met die kennis en vaardighede wat as vertrekpunt vir die suksesvolle buite-universitêre opleiding vir enige van die regsprofessies kan dien, sowel as om met nagraadse studie en navorsing te begin. Om hierdie doelwit te bereik, word die volgende kennis en vaardighede in die kursus ontwikkel:
 - (a) regs kommunikasievaardighede;
 - (b) kennis van professionele regsetiek en insig in die belangrikheid daarvan;
 - (c) basiskennis oor die vakgebiede waarvoor die professionele eksamens handel;
 - (d) verwerwing van insig in die samehang van alle aspekte van die reg.
- (ii) 'n algemene vorming as beginselvaste juris met insig in die hantering van grondvrae in die reg ondergaan het. Hierdie vormingsproses sluit die volgende in:
 - (a) kennisverwerwing en persoonlike standpuntformulering oor basiese regsfilosofiese en regsteoretiese kwessies en die konkretisering daarvan in die verskillende regsmodules;
 - (b) vertrouwdmaking met 'n Christelike perspektief op die reg naas ander perspektiewe.
- (iii) daartoe in staat wees om onafhanklik as regsgeleerde wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers, verder te ontwikkel. Om hierdie doelwit te bereik, word die volgende kennis en vaardighede in die program tot stand gebring:
 - (a) die hantering van die ken- en ontstaansbronne van die reg;
 - (b) beheersing van die teorie, terminologie en grondslae van die vakgebiede wat in die LL B-kurrikulum ingesluit is;
 - (c) basiese rekenaarvaardigheid;
 - (d) die vermoë om regsnorme konkreet toe te pas.

R.2.4.4 Artikulasiemoontlikhede

- (i) Ná suksesvolle voltooiing van die graad kan die leerder wat voldoende presteer het regstreeks toegang tot die LL M-studie verkry.

- (ii) Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is kan van die Direkteur: Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

R.2.5 KURRIKULUM VIR DIE LL B-GRAAD (VOLTYDS)

R.2.5.1 Die volgende tabel bevat 'n uiteensetting van die samestelling van die LL B-grad

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3			JAARVLAK 4		
EERSTE SEMESTER			EERSTE SEMESTER			EERSTE SEMESTER			EERSTE SEMESTER		
Kode	RG	KR	Kode	RG	KR	Kode	RG	KR	Kode	RG	KR
ABCD111		8	LLBR211		16	LLBR311		8	LLBR413		8
SKTR111		8	LLBR213		8	LLBR312		8	LLBR414		16
LLBR111		8	LLBR214		8	LLBR313		16	LLBR415		16
LLBR113		8	LLBR215		8	LLBR314		8	LLBR416		8
LLBR114		8	LLBR216		8	LLBR315		8	LLBR418		16
RINL111		8	LLBR217		8	LLBR316		8	ABCD411		16
LEER111		8	ABCD211		8/16	LLBR317		8			
Totaal 1 ^e semester		56	Totaal 1 ^e semester		64/ 72	Totaal 1 ^e semester		64	Totaal 1 ^e semester		80

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3			JAARVLAK 4			
TWEEDE SEMESTER			TWEEDE SEMESTER			TWEEDE SEMESTER			TWEEDE SEMESTER			
Kode	RG	KR	Kode	RG	KR	Kode	RG	KR	Kode	RG	KR	
ABCD121		16	ENTR221		8	LLBR321		8	LLBR421		16	
LLBR121		8	LLBR221		16	LLBR322		8	LLBR422		8	
LLBR123		8	LLBR222		8	LLBR323		8	LLBR425		16	
LLBR124		8	LLBR223		8	LLBR324		16	LLBR426		16	
LLBR125		8	LLBR224		8	LLBR325		16	LLBR451		16	
			LLBR225		8	LLBR326		8	ABCD421		16	
			ABCD221		8/0	LLBR327		8				
Totaal 2 ^e semester		48	Totaal 2 ^e semester		64/56	Totaal 2 ^e semester		72	Totaal 2 ^e semester		88	
Totaal Jaarvlak 1		104	Totaal Jaarvlak 2		128	Totaal Jaarvlak 3		136	Totaal Jaarvlak 4		168	
										Totale krediete vir die program		536

Opmerking: Vir die betekenis van in hierdie tabelle van ABCD, verwys na R.2.5.2.

R.2.5.2 Keusemodules

ABCD111			ABCD211			ABCD411		
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 4		
EERSTE SEMESTER			EERSTE SEMESTER			EERSTE SEMESTER		
Kode	RG	KR	Kode	RG	KR	Kode	RG	KR
AFNL111		8	RERP211		8	LLBR411		16
GRMN111		8	AKLR111		8	LLBR417		16
FRAN111		8	POLI111		8			
AKLR111		8	ONBP111		8			
LATN111		8	AFNL211		16			
ATSW114		8	ENGL211		16			
AZOE114		8	MHBP111		8			
ENGL111		8						
ABCD121			ABCD221			ABCD421		
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 4		
TWEDE SEMESTER			TWEDE SEMESTER			TWEDE SEMESTER		
AFNL121		16	RERP221		8	LLBR423		16
GRMN121		16	AKLR121		16	LLBR424		16
ATSW124		16	ONBP121		16			
AZOE124		16	POLI121		8			
ENGL121		16	BSKP151		8			
FRAN121		16	BSKP161		8			
AKLR121		16						
LATN121		16						

Opmerkings:

Wanneer 'n leerder in 'n taalmodule in die eerste semester (ABCD 111) registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule (ABCD 121) in dieselfde jaar geneem word.

Leerders wat Antieke kultuur neem as 'n taalmodule, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie.

R.2.5.2 Navorsingsverslag

- (i) Die suksesvolle afhandeling van 'n Navorsingsverslag (LLBR451) is 'n vereiste vir die voltooiing van die graad.
- (ii) Ten aansien van die registrasie van Navorsingsverslagonderwerpe en die voorbereiding, indiening en eksaminering van die Navorsingsverslag, is die vorm- en stylvereistes vervat in die *Studentehandleiding by die Skryf van Skripsies vir die Graad LLB in die Fakulteit Regte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*, soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

R.2.5.3 Inskrywing volgens rooster

'n Leerder word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomstig die standaard lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die leerder ingeskryf is, voorkom nie.

R.2.6 EKSAMINERING

R.2.6.1 Skriftelike werk

Ten aansien van die voorbereiding, indiening en eksaminering van alle skriftelike werk wat van die leerder vereis mag word, is die vorm- en stylvereistes vervat in die *Studentehandleiding by die Skryf van Skripsies vir die Graad LLB in die Fakulteit Regte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*, soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

R.2.6.2 Samestelling van die deelnamepunt

Die deelnamepunt vir alle modules word ooreenkomstig die betrokke module se struktuur saamgestel uit die evalueringspunte wat vir toetse en werkstukke verwerf word. In modules op eerste, tweede en derde vlak dra die semestertoetspunt 'n gewig van 50% vir die berekening van die deelnamepunt, terwyl die ander helfte saamgestel moet word uit ten minste drie evalueringspunte. In modules op die vierde vlak word 'n semestertoets nie afgeneem nie en word die deelnamepunt uit 'n minimum van vier evalueringspunte saamgestel. In geen module word meer as vier evaluerings benewens die semestertoets en eksamen gedoen nie.

R.2.6.3 Toelating tot die eksamen

- (i) Behoudens (ii) hieronder word 'n deelnamepunt van 40% vir toelating tot die eksamen in enige module vereis. 'n Leerder moet, behoudens uitsonderings wat op versoek deur die Direkteur: Onderrig gemagtig word, vir die eerste eksamen wat afgeneem word nadat 'n geskikte deelnamepunt vir 'n module verwerf is, aanmeld. Indien 'n leerder 'n module nie by die eerste eksamengeleentheid slaag nie, of met die toestemming van die Direkteur: Onderrig nie daarvoor aanmeld nie, kan die tweede eksamengeleentheid nadat 'n geskikte deelnamepunt verwerf is, deur die leerder benut word.
- (ii) In die modules wat in die eerste semester van die eerste jaar van die program geplaas is, is 'n deelnamepunt van 35% voldoende vir toelating tot die eksamen.

R.2.6.4 Modulepunt

Die modulepunt vir elke module word bereken deur die gemiddeld van die deelnamepunt en die eksamenpunt te bereken.

R.2.6.5 Slaagvereistes

- (i) Die slaagvereiste vir elke module is 50%, met dien verstande dat ten minste 45% in die eksamen behaal moet word.
- (ii) Slegs in die geval van modules wat in die eerste semester van die eerste jaar geplaas is, word die slaagvereiste soos volg verlig: indien 'n lae deelnamepunt veroorsaak dat die gemiddeld tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt laer as 50% is, word 'n modulepunt van 50% toegeken mits ten minste 50% in die eksamen behaal is.

R.2.6.6 Toekenning van graad met lof en onderskeiding in 'n module

'n Leerder kan hierdie graad met lof verwerf en met onderskeiding in vakke slaag indien aan die vereistes gestel in reël A.8.13 en A.8.14 voldoen word. Vir hierdie doel geld alle modules wat "LLB" in die modulekode bevat as kernmodules.

R.2.6.7 Herhaling van modules

Indien 'n leerder nie tydens een van die twee eksamengeleenthede wat volg op die verwerwing van 'n deelnamepunt vir 'n bepaalde module in die eksamen slaag nie, moet die module herhaal word en 'n nuwe deelnamepunt opgebou word.

R.2.7 LYS VAN MODULES: LLB (TELEMATIES) (PROGRAMKODE R401T)

Verwys na bladsy 51.

R.3 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM MET REGSVAKKE

R.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die duur van die studie vir die BA met Regsvakke is 'n minimum van drie en 'n maksimum van vier jaar.

R.3.2 TOELATINGSVEREISTES

- (i) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.
- (ii) 'n Voornemende leerder met matrikulasievystelling met 'n P-telling van 16 of meer kwalifiseer vir toelating tot die studie.
- (iii) Leerders met matrikulasievystelling maar met 'n P-telling van minder as 16 kry 'n eenmalige geleentheid om toelating tot die BA (met regs vakke) studie te verkry. Die toelating word verkry nadat die leerder die volgende vier modules (waarvoor hy of sy vir nie-graaddoeleindes registreer) in die telematies program geslaag het:

LLBR 111	Introduction to Law
LLBR 113	Historical Foundations of South African Law
LLBR 114	The Law of Persons and Matrimonial Law
SKTR 111	Kommunikasievaardighede / Communication Skills

Die leerder moet al vier hierdie modules slaag by een van die twee eksamengeleenthede vir die betrokke module. Indien die leerder al vier hierdie modules binne twee eksamengeleenthede slaag, verkry hy toelating tot die BA (met regs vakke) en kan hy aansoek doen om die erkenning van bovermelde modules vir graaddoeleindes.

R.3.3 LYS VAN MODULES (VOLTYDS) (PROGRAMKODE: R301P)

Modulekode	Beskrywende naam	Rooster-groep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE				
SKTR111	Kommunikasievaardighede/ Communication Skills		8	
AFNL111	Afrikaans: Taal sonder grense		8	
AFNL121	Afrikaans Taal- en literatuurstudie		16	AFNL111
AFNL211	Afrikaans en Nederlands: Raamwerke vir Taal- en literatuurstudie		16	AFNL111, 121

Modulekode	Beskrywende naam	Rooster-groep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
AFNL221	Afrikaans en Nederlands: taal- en Literêre handelinge		24	AFNL111, 121
AFNL311	Afrikaans en Nederlands: Die veelheid van stemme (1)		24	AFNL211, 221
AFNL321	Afrikaans en Nederlands: Die veelheid van stemme (2)		32	AFNL211, 221
AKLR111	Ou Nabye Ooste en Griekeland		8	
AKLR121	Antieke Rome en ander kulture		16	
ATSW114	Basiese strukture van Tswana: (Derdetaal)		8	
ATSW124	Grammatikale stukture van Tswana (Derdetaal)		16	ATSW114
AZOE114	Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derdetaal)		8	
AZOE124	Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derdetaal)		16	AZOE114
ENGL111	English in Action		8	
ENGL121	Introduction to English Literary Studies		16	
ENGL211	English in the SA Context		16	ENGL121
ENGL221	Individual & Society: Literary & Linguistic Perspectives		24	ENGL211
ENGL311	Advanced Language and Literary Studies		24	ENGL221
ENGL321	20 th Century Language and Literary Studies		32	ENGL311
FRAN111	Frans Elementêr		8	
FRAN121	Frans Elementêr		16	
GRMN111	Duits		8	
GRMN121	Duits		16	
LATN111	Latyn vir almal		8	
LATN121	Regs- en Kerklatyn		16	LATN111

Modulekode	Beskrywende naam	Rooster-groep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
LATN211	Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis I		16	LATN121
LATN221	Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis II		24	LATN211
LATN311	Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis III		24	LATN221
LATN321	Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis IV		32	LATN311
POLI111	Die staat, politiek en regering		8	
POLI121	Die Suid-Afrikaanse politieke stelsel		8	
POLI122	SA as konstitusionele staat		8	
POLI211	Partypolitieke dinamika		8	
POLI212	Politieke vraagstukke in Suider-Afrika en Afrika		8	
POLI221	Internasionale Politiek- Deel 1		8	
POLI222	Internasionale Politiek: Deel 2		16	
POLI311	Transformasiestudies – Deel 1		8	
POLI312	Transformasiestudies: Deel 2		16	
POLI321	Ontwikkelingsuitdagings: Suid en Suider- Afrika		8	
POLI322	Politieke ideologieë		24	
MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE				
PSIG131	Inleiding tot psigologie: Fisiese en kognitiewe prosese		8	
PSIG151	Inleiding to psigologie: Emosionele en motiveringsprosesse		8	
PSIG161	Interpersoonlike-, Sosiale- en Gemeenskapsigologie		8	
PSIG211	Menslike ontwikkeling in sosio-kulturele konteks		16	
PSIG241	Perspektiewe op menswees		8	

Modulekode	Beskrywende naam	Rooster- groep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
PSIG251	Psigolosiiese gesondheid: Menslike sterktes en veerkragtigheid		8	
PSIG252	Inleiding to hulpverlening en etiek		8	
PSIG261	Lewensvaardighede		8	
PSIG311	Inleiding to psigopatologie en - fortologie		16	
PSIG341	Gemeenskapspsigolie en - programme		8	
PSIG312	Teoretiese perspektiewe op hulpverlening		16	
PSIG321	Gesondheidsvoorligting		16	
PSIG322	Fasilitering van menslike ontwikkeling		16	
PSIG351	Menslike diversiteit		8	
PSIG352	Beroepsvoorligting en loopbaanbeplanning		8	
PSIG361	Krisisintervensie		8	
PSIG362	Etiek en praktykbestuur		8	
MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE				
MHBP111	Inleiding tot die Bedryfsielkunde		8	
BSKP151	Beroepsgesondheid		8	
BSKP161	Diversiteit in Werkskonteks		8	
BSKP211	Personeelsielkunde*		16	
BSKP251	Beroepsielkunde*		8	
BSKP261	Psigopatologie in Werkskonteks*		8	
BSKP311	Organisasiesielkunde*			
BSKP351	Psigometrika*			
BSKP361	Navorsingsmetodologie*			

MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT REGTE				
Modulekode	Beskrywende naam	Rooster- groep	Krediet	Veronderstelde leereis en/of verwysing
LLBR111	Inleiding tot die Reg		8	R.2.5.3
LLBR113	Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg		8	R.2.5.3
LLBR114	Persone- en Huweliksreg		8	
LLBR121	Strafreg: Algemene Beginsels		8	
LLBR123	Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg		8	
LLBR124	Erfreg		8	
LLBR125	Regspersonereg		8	
LLBR211	Algemene Regsleer		16	
LLBR213	Sakereg		8	
LLBR214	Regshermeneutiek		8	
LLBR215	Bewysreg		8	
LLBR216	Strafprosesreg		8	
LLBR217	Strafreg: Besondere Misdade		8	
LLBR221	Deliktereg		16	
LLBR222	Regspraktyk		8	
LLBR223	Strafproses- en Bewysreg		8	
LLBR224	Arbeidsreg		8	
LLBR225	Regspluralisme		8	
LLBR313	Kontraktereg		16	
LLBR322	Regskommunikasie en Navorsingsmetodologie		8	
VERPLIGTE MODULES				
LEER111	Leer- en leesvaardigheid		8	
RINL111	Rekenaar- en Inligtingsvaardighede		8	
ENTR221	Kreatiewe entrepreneurskap		8	
WTSL221	Wetenskapsleer		8	

Opmerking:

- * Leerders wat Bedryfsielkunde as hoofvak wil neem moet daarop let dat hulle in hul tweede studiejaar 'n bykomende module ter waarde van 8 kredietpunte moet neem en in hul derde studiejaar 'n bykomende module of modules ter waarde van 16 kredietpunte.

R.3.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT VAKKE EN MODULES

R.3.3.1.1 Afrikaans en Nederlands

- (i) Vir Toelating tot *Afrikaans: Taal sonder grense* (AFNL111) en *Afrikaanse Taal- en Literatuurstudie* (AFNL121) word minstens 'n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (Hoër Graad) of 'n C-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (Hoër Graad) op matriekvlak vereis.
- (ii) Vir toelating tot *Die studie van Afrikaans: moedertaal* (AFNT112) en *Afrikaanse taal- en literatuurstudie* (AFNT121) word minstens 'n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (Hoër Graad) of 'n D-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (Hoër Graad) op matriekvlak vereis.
- (iii) AFNT111, AFNT121, AFNT211, AFNT221, AFNT311 en AFNT321 word slegs via die Universiteit se telematiese program aangebied. Leerders wat 'n na-uurse akademiese kursus in Afrikaans wil volg, moet hierdie kursuseenhede volg in die roostergroepe van die na-uurse lesingrooster.
- (iv) Die *studie van Afrikaans: niemoedertaal* (AFNT111) het as teikengroep niemoedertaalsprekers van Afrikaans, maar *Die studie van Afrikaans: moedertaal* (AFNT112) kan gevolg word deur moedertaalleerders wat na-uurse akademiese kursuseenhede in Afrikaans in hulle kurrikulum wil insluit.
- (v) Afrikaans (AFNT211, AFNT221) word vanaf 2002 ingefaseer in die telematiese program en AFNT311, AFNT321 vanaf 2003.
- (vi) Leerders wat die telematiese kursuseenhede in Afrikaans (AFNT111, 121, AFNT211, AFNT221, AFNT311, AFNT321) suksesvol gevolg het en wil oorskakel na die voltydse kursuseenhede in Afrikaans en Nederlands (AFNL211,221, AFLN311, 321) moet daarvoor aansoek doen by die vakvoorsitter. *Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie leerders geverg word.*
- (vii) Leerders wat aan die toelatingsvereistes vir AFNL111,121 of AFNT111,121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die Vakvoorsitter Afrikaans en Nederlands.
- (viii) Toelating tot *Kommunikasie-Afrikaans* (AFNK112,122) geskied in ooreenstemming met reël A.4.5.
- (ix) Leerders wie se taalvermoë in Afrikaans sodanig is dat hulle nie *Kommunikasie-Afrikaans* (AFNK112) kan behartig nie, volg eers vir die eerste semester *Inleidende Afrikaans* (AFNK113) en skakel dan in die tweede semester oor na *Kommunikasie-Afrikaans* (AFNK122).
- (x) Leerders wat in *Kommunikasie-Afrikaans* (AFNK112,122) 'n gemiddelde finale punt van 75% behaal, kan toelating tot Afrikaans en Nederlands (AFNL111,121) of Afrikaans (AFNT113,123) kry.

R.3.3.1.2 Afrikatale

- (i) Leerders wat 'n Sothotale soos Tswana, Suid-Sotho of Noord-Sotho Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursus van Tswana (ATSW114, ATSW124) inskryf nie.
- (ii) Leerders wat Zoeloe Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of die taal as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursus van Zoeloe (AZOE114, AZOE124) inskryf nie.
- (iii) Leerders wat Xhosa of Swati Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, word toegelaat om Zoeloe derdetaal (AZOE114, AZOE124) te neem.
- (iv) As Tswana as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Zoeloe (AZOE114, AZOE124) in die kurrikulum in te sluit.
- (v) As Zoeloe as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Tswana (ATSW114, ATSW124) in die kurrikulum in te sluit.

R.3.3.1.3 Duits

- (i) 'n Leerder wat Duits as matriekvak geslaag het, kan óf in sy eerste studiejaar vir GRMN111,121 óf in sy tweede studiejaar, na suksesvolle aflegging van 'n toelatingstoets, vir GRMN211,221 registreer.
- (ii) 'n Leerder wat 'n taalsertifikaat in Duits aan 'n taalinstituut verwerf het, kan by suksesvolle aflegging van 'n toelatingstoets, vrystelling kry vir GRMN111, maar moet vir GRMN121 registreer en dit slaag voordat hy/sy vir Duits (GRMN211,221) kan registreer.
- (iii) Duits (as derdevlakkursus) kan deur UNISA afgelê word en sal deur die PU vir CHO erken word.

R.3.3.1.4 English

- (i) To register for English (ENGL111,121) a learner must have obtained at least a C symbol in English Second Language (HG) or a D symbol in English First Language (HG) in the matriculation examination.

R.3.3.1.5 Frans

- (i) Om vir FRAN111,121 te registreer moet 'n leerder oor 'n matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.
- (ii) 'n Leerder wat in Frans gematrikuleer het, kan nie vir FRAN111,121 registreer nie.
- (iii) 'n Leerder wat in Frans gematrikuleer het en Frans as hoofvak wil neem, moet in die eerste studiejaar vir Antieke Kultuur (AKRL111,121) en in sy/haar tweede studiejaar vir FRAN211,221 registreer.
- (iv) Leerders met voorafkennis van Frans sal toegelaat word om direk te registreer vir FRAN211 ná die aflegging van 'n toets.

R.3.3.1.6 Latyn

- (i) 'n Leerder wat in Latyn gematrikuleer het, mag nie vir Latyn (LATN111,121) registreer nie, maar mag inskryf vir LATN211,221.
- (ii) Leerders met Matrieklatyn wat Latyn as hoofvak wil neem, moet in die plek van LATN111,121 registreer vir Antieke Kultuur (AKLR111,121).

R.3.4 PROGRAMUITKOMSTE

R.3.4.1 Uittreevlakuitkomste:

R.3.4.1.1 Geesteswetenskaplike probleemoplossing

Aan die einde van die studie is die leerder in staat om sekere konvergente en divergente probleme in die geesteswetenskaplike en toepaslike tegnologiese velde te identifiseer, te evalueer, en kreatief en innoverend op te los.

R.3.4.1.2 Toepassing van fundamentele en spesialiskennis

Aan die einde van die studie is die leerder in staat om basiese kennis en tegnieke van die geesteswetenskap en die toepaslike inligtingstechnologie te integreer om spesifiek-geesteswetenskaplike menslike verskynsels te kan ondersoek en gepaardgaande probleme te kan oplos. Dit sluit in:

- (i) Toepassing van geesteswetenskaplike metodes op probleme deur toepaslike aanwending van
 - (a) formele analise en interpretasie van menslike aktiwiteite en probleme;
 - (b) kommunisering van teorieë, konsepte en idees;
 - (c) beredenering en konseptualisering van menslike aktiwiteite, stelsels en probleme;
- (ii) Gebruik van beginsels, wette en tegnieke van die geesteswetenskap op fundamentele vlak om
 - (a) samelewingsproblematiek te identifiseer en op te los;
 - (b) toepassings te identifiseer en aan te wend;
 - (c) oor dissiplinegrense heen met gemeenskaplike fundamentele kundigheid te werk.

R.3.4.1.3 Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstechnologie

Aan die einde van die studie is die leerder in staat om toepaslike wetenskaplike metodes aan te wend en die resultate wat dit lewer, te evalueer;

R.3.4.1.4 Professionele en algemene kommunikasie

Aan die einde van die studie is die leerder in staat om

- (i) sowel mondeling as skriftelik, effektief met wetenskaplikes en die gemeenskap te kommunikeer, deur gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning;
- (ii) metodes van inligtingverskaffing vir gebruik deur ander in veral die wêreld van die geesteswetenskappe toe te pas.

R.3.4.1.5 Impak van geesteswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing

Die leerder is krities bewus van

- (i) die impak van geesteswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing;

- (a) die impak van toepaslike tegnologie op die gemeenskap, en
- (b) die persoonlike, sosiale, en kulturele waardes en verwagtinge van diegene wat deur wetenskaplike aktiwiteite geraak word, in ag te neem.

R.3.4.1.6 Span- en multidissiplinêre werk

Aan die einde van die studie is die leerder in staat om effektief as individu, in spanne en in multidissiplinêre omgewings te werk en leiers- en ander kritiese funksies te verrig.

R.3.4.1.7 Lewenslange leer

Die leerder verstaan die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voorpunt van die jongste toepaslike tegnologie en tegnieke te bly, en is in staat om in lewenslange leer deur goed-ontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

R.3.4.1.8 Professionele etiek en praktyk

Die leerder is krities bewus van die noodsaaklikheid om professioneel en eties op te tree en om verantwoordelikheid binne eie beperkings en vaardighede te aanvaar, en is in staat om oordele te vel in verhouding tot kennis en ervaring.

R.3.4.2 Kritieke uitkomst en geassosieerde evalueringskriteria:

Die kritieke uitkomst van die program is in die uittreevlak-uitkomst geïntegreer, en word volledigheidshalwe weer hier saamgevat.

Aan die einde van sy studie vir die B A-graad sal die leerder oor die volgende beskik:

- (i) Kennis
 - (a) Aan die einde van die studie is die leerder in staat om basiese kennis en tegnieke van die geesteswetenskappe te integreer om probleme in dié velde en die samelewing te kan oplos. Dit sluit in kennis van begrippe en strukture, prosedures en tegnieke, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes.
 - (b) Die leerder sal kennis van en insig in die samehang van dissiplines uit die geestewetenskaplike veld hê.
 - (c) Die leerder sal vertrou wees met die basiese beginsels van die regs wetenskap.
 - (d) Die leerder sal vertrou wees met die teorie, terminologie en en grondslae van die vakgebiede wat in die graad BA met Regsvakke ingesluit is.
- (ii) Vaardighede

Die leerder sal bemaagtig wees om

 - (a) kennis selfstandig te kan ontsluit (ook rekenaarmatig), toepas, analiseer, integreer en gefundeerd evalueer;
 - (b) kennis op die tersaaklike vakgebiede wetenskaplik te kan kommunikeer in verskillende media;
 - (c) op beperkte skaal navorsing te kan doen en kennis te kan ontwikkel;
 - (d) krities en kreatief probleemoplossend te kan dink en handel;
 - (e) as entrepreneur en intrapreneur te kan optree;

- (f) in 'n groep te kan funksioneer en 'n leiersrol te kan vervul;
 - (g) vakkundige vaardighede in 'n samelewingsomgewing te kan implementeer.
- (iii) Waardes, houdings en gesindhede
- Die leerder sal, vanuit 'n gefundeerde perspektief,
- (a) kennis dra van en waardering hê vir konsepte soos roepingsvervulling en diensbaarheid;
 - (b) bewus wees van die belangrikheid van professionele etiek;
 - (c) die medemens, die skepping en gesag kan respekteer;
 - (d) prinsipiël oor samelewingsvraagstukke kan dink en handel;
 - (e) oor integriteit, deursettingsvermoë, noukeurigheid en presiesheid beskik;
 - (f) bewus wees van die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voerpunt van die jongste tegnologie en tegnieke te bly, en in staat wees om in lewenslange leer deur goed-ontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

R.3.4.3 Artikulasiemoontlikhede

Ná suksesvolle voltooiing van die graad voldoen die leerder aan die vereistes wat vir die eerste twee studiejare van die LL B gestel word. Die oorblywende modules wat vir die LL B vereis word kan dus binne twee verdere jare van studie afgehandel word.

Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is, kan van die Direkteur: Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomst bydra.

Ná suksesvolle voltooiing van die graad kan direkte toegang tot 'n toepaslike honneursgraad ooreenkomstig die reëls van die betrokke Fakulteit verkry word.

R.3.5 KURRIKULUM VIR DIE GRAAD BA MET REGSVAKKE

